education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESERING

GRAAD 11

GESKIEDENIS V2

ADDENDUM

NOVEMBER 2019

Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS JEUGLIGA (ANCJL) DIE OPKOMS VAN AFRIKA-NASIONALISME IN DIE 1940's BEïNVLOED?

BRON 1A

Hierdie bron fokus op die invloed van die ANC Jeugliga (ANCJL) op die transformasie van die ANC tot 'n revolusionêre massabeweging.

Die African National Congress Jeugliga (ANCJL) is op 2 April 1944 deur Anton Lembede (die Jeugliga se eerste president), Nelson Mandela, Ashley Mda, Walter Sisulu en Oliver Tambo gestig. Duma Nokwe, B Masekela, Ida Mtwa, Lillian Ngoyi, James Njongweni, William Nkomo en Dan Tloome het by hulle aangesluit. Die doel van die Jeugliga was om die jeug te motiveer om die stryd teen segregasie binnelands te versterk. Teen die tyd dat die ANCJL gestig is, was die politieke atmosfeer in Suid-Afrika onseker, aangesien die regerende Verenigde Party oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog verdeeld was. Vier jaar na die totstandkoming van die Jeugliga, het die Verenigde Party se bewind tot 'n einde gekom en die land is daarna deur die Nasionale Party regeer.

Die Jeugliga se Manifes is in Maart 1944 by die Bantoe (Swart Afrikaan) Sosiale Sentrum vir mans in Johannesburg, nog voor die inhuldiging, bekend gestel. Dit verklaar onder meer dat Afrikanisme bevorder moet word (d.w.s. Swart Afrikane moet veg vir ontwikkeling, groei en nasionale bevryding sodat hulle hul regmatige en eerbare plek onder die nasies van die wêreld kan inneem); en dat die Afrika-jeug verenig, gekonsolideer, opgelei en gedissiplineer moet word, aangesien toekomstige leiers uit hul geledere gewerf sal word. Hul leuse was: "Afrika se saak moet oorwin". Om die bevrydingsstryd te versterk, het die jeugliga 'n Program van Aksie daargestel wat verskillende metodes soos boikotte, stakings en ander versetsoptredes ingesluit het. In 1949 het die ANC hierdie program aanvaar, wat 'n radikale (totale) afwyking van die ondoeltreffende strategieë van die verlede verteenwoordig en 'n transformasie van die organisasie tot 'n revolusionêre massabeweging ingelei het. In die volgende dekade sou hierdie verandering van beleid tot die Versetveldtog en die Kongres van die Mense lei.

[Uit https://www.sahistory.org.za/topic/african-national-congress-youth-league-ancyl]

BRON 1B

Hierdie bron verduidelik die uitwerking van die Swart Mynwerkersvakbond (AMU) se staking van 1946 op Swart nasionalisme.

Ten spyte van die arrestasie van lede van die Swart Mynwerkersvakbond in 1944 aan die Witwatersrand en in Springs, is ‘n konferensie in Mei 1946 gehou, waar besluit is om die regering te nader met ‘n versoek van ‘n tien sjieling (een Rand) per dag loon en ander verbeterings – of om te staak. In Augustus 1946 is ‘n opelug konferensie op die Newton Markplein gehou aangesien geen saal waar Afrikane vergadering kon hou, groot genoeg was om almal teenwoordig te akkommodeer nie, en die besluit om te staak, is geneem.

Op 12 Augustus 1946 het meer as 60 000 werkers aan die Witwatersrand geweier om te werk vir die bestaande lone. Binne 'n week is die polisie ontplooi en brutale optrede is gebruik in ‘n poging om die staking te stop. Amptelik is 9 dood en meer as 1 248 werkers beseer, en baie het die staking as 'n mislukking beskou. Alhoewel die aanvanklike eise geïgnoreer is en die werkers na 'n week na die myne teruggekeer het, is die staking beskou as 'n belangrike keerpunt in Suid-Afrika se ontwikkeling. Uiteindelik het hierdie aanvanklike protes later politieke aanpassings beïnvloed, en is dit geassosieer met verhoogde arbeidsbewustheid en sosiale verandering. Deur die voorwaardes te bepaal wat nodig is om goedkoop trekarbeid (ongeskoolde) te behou, het hierdie beweging insig gegee in die wyse waarop Apartheid aangewend is vir die voortbestaan van pre-kapitalistiese wyses van produksie. Metodes soos die 'kampongstelsel', wat die werkers verhinder het om kontak met vakbondorganiseerders te hê, was direkte resultate van die aanvanklike mislukte vakbondstaking van 1946.

[Uit https://en.wikipedia.org/wiki/1946_African_Mine_Workers%27_Union_strike]

BRON 1C

Hierdie bron wys die betrokkenheid van The Transvaal Council of Non-European Trade Unions (CONETU) by die 1946 Mynwerkersstaking.



[Uit https://www.sahistory.org.za/article/1946-african-mineworkers-strike]

- Workers at War – Werkers in Oorlog.
- CNETU and the 1946 African Mine Workers' Strike – CONETU en die 1946 Swart Mynwerkersstaking.

BRON 1D

Hierdie bron handel oor die herlewing van die ANC wat uiteindelik gelei het tot die ontstaan van die ANC Jeugliga (ANCJL).

Deur die hele loop van die 1940's is die herlewing van die ANC aangevuur deur die opwelling van ontevredenheid van die werkersklas. Die leierskap van die ANC is tegelyk uitgedaag en beïndruk deur die mate van sukses wat met werkersklasaktivisme, veral deur die vakbondbeweging, behaal is. Hoewel die organisasie se uitgangspunt nog steeds elitisties (snobisties) was, het die militantheid van die werkersklas na die ANC begin deurwerk, maar dit was nog op beperkte skaal, soos blyk uit die verslag van die afvaardiging wat die minister van Justisie in 1941 besoek het.

Die herontwaking van die ANC het nie sonder interne hindernisse plaasgevind nie. Die vernaamste probleem was die toenemende spanning tussen die hoofstroom van ANC-leiers wat 'n breë veelrassige opposiebeweging tot stand wou bring en 'n minderheids-faksie, bekend as die Afrikaniste, en wat van mening was dat die swart mense hulself afsonderlik moet organiseeer. Hierdie spanning het uiteindelik daartoe gelei dat die Afrikaniste, onder leiding van Robert Sobukwe, uiteindelik van die ANC in 1958 weggebreek en die Pan-Africanist Congress in die lewe geroep het. Tydens die 1940's het die ideologie van Afrikanisme nogtans sy hoofkomponent in die ANC-Jeugliga gevind, wat in April 1944 gestig is. Die Jeugliga was nog 'n inisiatief van Xuma en is tot stand gebring omdat die uitvoerende komitee die skrander, jong talent uit die swart intelligentsia (intellektuele) by die ANC wou betrek.

[Uit *Boek 4. Keerpunte in die Geskiedenis: Industrialisasie, Landelike veranderinge en Nasionalisme* deur A. Grundling]

VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE OPKOMS VAN AFRIKANER-NASIONALISME GELEI?

BRON 2A

Die volgende bron beskryf die konsep van Afrikaner-nasionalisme.

Afrikaner-nasionalisme is 'n politieke ideologie wat in die laat negentiende eeu onder Afrikaners in Suid-Afrika ontstaan het. Dit is sterk beïnvloed deur anti-Britse sentiment wat sterk onder die Afrikaners ontwikkel het, veral as gevolg van die Boere-oorloë.
Volgens historikus T. Dunbar Moodie kan Afrikaner-nasionalisme beskryf word as 'n soort van burgerlike geloof wat die geskiedenis van die Afrikaners, die amptelike taal (Afrikaans) en Afrikaner-Calvinisme as sleutelsimbole gekombineer het. 'n Belangrike voorstander van die ideologie was die geheime Broederbond-organisasie en die Nasionale Party wat die land van 1948 tot 1994 regeer het. Ander organisasies wat in lyn was met die Afrikaner-nasionalistiese ideologie is die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), die Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys en die Witwerkers-beskermingsvereniging.

Die Afrikaner-nasionalistiese intelligentsia (intellektuele), saam met die Nasionale Party en die Broederbond, het uiteindelik 'n radikale nasionalistiese beleid geformuleer wat die Britse hegemonie (dominansie) in die ekonomie en politiek verwerp het, sowel as etniese mengelmoes ("deurmekaarspul") wat veroorsaak is deur die vervoer van swart trekarbeiders regoor die land. Hul oplossing was 'n drastiese herrangskikking van die Suid-Afrikaanse demografiese kaart met 'n dominante Afrikaner-Republiek wat nie deur die Britse imperialisme (kolonialisme) beïnvloed is nie.

[Uit https://en.wikipedia.org/wiki/Afrikaners]

BRON 2B

Hierdie bron verduidelik hoe die Eeufeesvieringe van die Groot Trek Afrikaner-nasionalisme in die 1930's laat herleef het.

'n Opvallende kenmerk van die wyse waarop Afrikaner-nasionalisme herleef het, was die klem wat op die geskiedenis geplaas is. Die verlede was dié van die Groot Trek, Geloftedag, die Anglo-Boereoorlog, die konsentrasiekampe gedurende die oorlog en ander gebeurtenisse wat vir Afrikaners belangrik was. Hierdie gebeurtenisse is in byna religieuse terme herskep, met die Afrikaners as die uitverkore volk van God wat bestem was om die beskawing en die Christendom na die suidpunt van Afrika te bring.

Die feestelike herdenking van die eeufees van die Groot Trek in 1939 was van besondere betekenis in die vorming van 'Afrikaneridentiteit' in die 1930's. Die Groot Trek, wat die ereplek in die Afrikaner se geskiedenis ingeneem het, is herdenk deur nege ossewaens wat op verskillende roetes die tog uit Kaapstad na die noorde aangepak en feitlik alle dorpe en stede in die land besoek het, waar plaaslike feesvieringe gereël is. Dié gebeurtenis het tot 'n ongeëwenaarde kulturele en politieke drama ontwikkel. Juigende skares, geklee in Voortrekkerdrag, het die waens by die dorpe en stede ingewag. Strate is na Voortrekkerhelde hernoem, mans en vroue was tot trane gedryf oor die skouspel, jong mense het langs die waens getrou en ouers het hul babas in die skaduwee van die waens laat doop – party babatjies het selfs name gekry wat van die Groot Trek afgelei is, soos Eeufesia. Hoewel hierdie "tweede Trek" noukeurig georkestreer was, was selfs die organiseerders verbaas oor die ontstuimige reaksie wat dit ontlok het.

[Uit *Making History* Grade 11 deur R. Deftereos et al]

BRON 2C

Die foto in die bron wys die Eeufeesvieringe tydens die herdenking van die Groot Trek in 1938.

[Uit https://www.flickr.com/photos/hilton-t/5248262991]

BRON 2D

Hierdie bron beklemtoon die twee belangrike besluite wat Jan Smuts in 1939 en 1946 geneem het en die bydrae daarvan tot Afrikaner-nasionalisme.

Die besluit om toe te tree tot die Tweede Wêreldoorlog (WO2) aan die kant van Brittanje, het baie van die Afrikaanssprekende mense van sy regering vervreem. Smuts het bygedra tot die beleidsbesluite van die Geallieerde magte en is bevorder tot veldmaarskalk van die Britse leër in 1941.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog (WO2), geïnspireer deur die Bantoe (Swart Afrikaan) Verteenwoordigende Raad, die African National Congress (ANC), die Transvaalse Indiese Raad en ander organisasies, het nie-blanke rasse toenemend ontevrede geraak met hul politieke onvermoë en ekonomiese agterstand. Om hierdie griewe te ondersoek, het Smuts die Fagan-kommissie, na die oorlog, in Augustus 1946 gestig om wette rakende stedelike swartes, paswette en die sosio-ekonomiese omstandighede van trekarbeiders te ondersoek. Smuts het namens die Verenigde Party die derde voorgestelde beleid van die kommissie aanvaar, naamlik die aanvaarding van die feit dat blankes en die ander rasse langs mekaar in Suid-Afrika bestaan en dat die wetgewing en administrasie die verskille tussen hulle in ag moet neem. Hierdie kommissie en Smuts het inderdaad die beleid van apartheid of totale segregasie as onprakties beskou.

[Uit http//www.sahistory.org.za/people/general-jan-christiaan-smuts]

VRAAG 3: WAT WAS DIE INVLOED VAN DIE BELEID VAN APARTHEID OP DIE SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's?

BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die konsep Apartheid en die effek daarvan op die verskillende rassegroepe.

In Afrikaans vertaal, bedoelende 'afsonderlikheid', is apartheid die ideologie wat deur die Nasionale Party (NP) regering ondersteun en in Suid-Afrika bekendgestel is, in 1948. Apartheid het die afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika voorgestel. Op papier lyk dit na gelyke ontwikkeling en vryheid van kulturele uitdrukking, maar die manier waarop dit geïmplementeer is, het dit onmoontlik gemaak. Apartheidswette het die verskillende rassegroepe gedwing om afsonderlik te lewe en afsonderlik te ontwikkel, grootliks op ongelyke manier. Dit het probeer om alle inter-huwelike en sosiale integrasie tussen rassegroepe te stop. Tydens apartheid het 'n vriendskap met iemand van 'n ander ras jou onder verdenking geplaas of erger. Verder was apartheid 'n sosiale stelsel wat die meerderheid van die bevolking ernstig benadeel het, bloot omdat hulle nie die velkleur van die heersers gehad het nie. Baie het net bokant die broodlyn geleef omdat hulle 'nie-wit' was nie.

Volgens basiese beginsels het apartheid nie soveel verskil van die segregasiebeleid van die Suid-Afrikaanse regering, wat bestaan het voordat die Afrikaner-Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het nie. Die grootste verskil is dat apartheid segregasie deel van die wet gemaak het. Apartheid was wreed en gewelddadig teenoor mense, en het 'n vreesaanjaende wetstoepassing gehad om diegene wat nie saamstem nie, te straf.
Nog 'n rede waarom apartheid soveel erger as segregasie gesien is, was dat apartheid in 'n tydperk bekendgestel is toe ander lande van rassistiese beleide wegbeweeg het. Voor die Tweede Wêreldoorlog was die Westerse wêreld nie so krities teenoor rassediskriminasie nie, en Afrika is in hierdie tydperk gekoloniseer. Die Tweede Wêreldoorlog het die probleme van rassisme beklemtoon, die wêreld laat wegskram van sulke beleide en die eise vir dekolonisasie aangemoedig. Dit was gedurende hierdie tydperk dat Suid-Afrika die rigiede rassebeleid van apartheid ingestel het.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/history-apartheid-south-africa]

BRON 3B

Die volgende Apartheidswet het mense in verskillende rassegroepe gedefinieer.

BEVOLKINGSREGISTRASIEWET NR. 30 VAN 1950

Suid-Afrika se Bevolkingsregistrasiewet No. 30 (aanvaar op 7 Julie) is in 1950 deurgevoer, en het rasgroepe duidelik gedefinieer. Ras is gedefinieer volgens fisiese voorkoms en die wet het bepaal dat mense vanaf geboorte geïdentifiseer en geregistreer moet word, in een van die vier bepaalde rasgroepe: Wit, Kleurling, Bantoe (Swart Afrikaan) en ander. Dit was een van die "pilare" van Apartheid gewees. Toe die wet geïmplementeer is, is identiteitsdokumente aan landsburgers uitgereik en ras is in die individu se identiteitsnommer weerspieël. Die Wet is gekenmerk deur vernederende toetse wat ras deur duidelike taal en/of fisiese karaktereïenskappe bepaal het. Die bewoording van die wet was vaag, maar dit is met groot entoesiasme toegepas:

"'n Blanke persoon is iemand wat in voorkoms blykbaar wit is – en nie algemeen as Kleurling aanvaar word nie – of wat algemeen aanvaar word as Wit – en nie blykbaar nie-blank is nie, met dien verstande dat 'n persoon nie as Blank geklassifiseer sal word as een van sy biologiese ouers as 'n Kleurling of 'n Bantoe (Swart Afrikaan) geklassifiseer is ..."
"'n Bantoe (Swart Afrikaan) is 'n persoon wat algemeen aanvaar word as 'n lid van enige inheemse ras of stam van Afrika ..."
"'n Kleurling is 'n persoon wat nie 'n Blanke of 'n Bantoe (Swart Afrikaan) is nie ..."

[Uit *The State of Africa – A history of fifty years of independence* deur Martin Meredith]

BRON 3C

Hierdie bron beskryf die potloodtoets wat tydens rasseklassifikasie gedurende Apartheid gebruik is.

Die eerste prioriteit van die apartheidsregering was om te verseker dat mense korrek afsonderlik geskei is. Sodra afgehandel, is elkeen se identiteit van ras, saam met hul adres en naam van werkgewer, aangeteken in 'n pasboek wat te alle tye gedra moes word. Klassifikasie in kategorieë is gebaseer op voorkoms, sosiale aanvaarding en afkoms. As daar twyfel bestaan het oor 'n persoon se rasseklassifikasie, is die saak na 'n rasseklassifikasie raad vir ondersoek verwys. 'n Voorbeeld van 'n toets wat gebruik is om mense te klassifiseer, was die potloodtoets wat beteken het om 'n potlood in die hare te druk om te sien of dit daar bly of uitval. As dit uitgeval het, was dit die bewys wat nodig was om af te lei dat die persoon óf wit óf gekleurd is, aangesien die tekstuur van hul hare reguit was. Hierdie wet het 'n vernietigende uitwerking gehad op mense wie se rasse-identiteit nie duidelik was nie. Baie foute is gemaak. Individue wat foutief geklassifiseer is, was dikwels deur ander lede van hul gesinne of deur ander in hul gemeenskap verwerp. In baie gevalle het mense in dieselfde familie aan twee verskillende rasse behoort.

[Uit *Nuwe Generasie Geskiedenis* Graad 11 deur F. Frank et al]

BRON 3D

Die volgende is ‘n uittreksel van ‘n storie wat handel oor hoe rasseklassifikasie die lewe van ‘n jong meisie, Sandra Laing beïnvloed het. Dit is in die Sunday Times in 2000 gepubliseer.

Sandra Laing is in 1955 in Piet Retief, 'n dorp in Oos-Transvaal (nou Mpumalanga), gebore. Haar ouers en twee broers is almal as wit aanvaar. As gevolg van haar donker vel en krullerige hare is sy egter nie as wit deur die plaaslike gemeenskap aanvaar nie. By die skool en in die koshuis is sy deur die blanke kinders gespot. Hulle het voortdurend gevra waarom sy hul skool bywoon. In hierdie artikel van Januarie 2000 uit die *Sunday Times* vertel sy wat gebeur het:

"... In 1966, toe ek 10 was, het die polisie my by die skool kom haal. Mnr. van Tonder, die skoolhoof, het gesê ek is nie wit nie en kon nie bly nie … Ek het twee jaar lank tuis gebly.” Om as wit hergeklassifiseer te word, het nie die pyn van verwerping deur witmense gestop nie en Sandra het uiteindelik met 'n swartman, Petrus Zwane, getrou. Sy verduidelik:

"... Ek het 18 geword en aansoek gedoen vir 'n identiteitsdokument. Die amptenare het gesê dat hulle nie aan my ‘n wit identiteitsdokument kon uitreik nie, want dan moet hulle my twee kinders van my wegneem omdat hulle nie wit is nie. Ek kon aansoek doen vir 'n ID as ‘n gekleurde, maar dan het ek die toestemming van my pa nodig gehad, maar hy het geweier. Ek moes wag tot ek 21 word … In 1976 toe daar opstande was teen apartheid en die onderwysstelsel, het ek 21 geword en ek het gedink dinge sal verander. Ek het toe aansoek gedoen vir 'n identiteitsdokument, maar dit het ses jaar geduur voordat ek my eerste identiteitsdokument as 'n Kleurling gekry het. Tot dan kon ek nie bewys wie ek is of werk soek nie, of 'n rekening oopmaak of doen wat 'n persoon moet doen nie. Deur daardie jare het ek verlang na my familie, net om van hulle te hoor. Ek het verskeie briewe geskryf, maar hulle het onbeantwoord gebly. Niemand in my familie het probeer om my te kontak nie.

"... Apartheid het geëindig, en ek sou graag mnr. Mandela se hand daarvoor wou skud, maar dit is te laat vir my."

[Uit *Top Class History* Grade 11 deur P. Ellis et al]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende publikasies geneem:

Deftereos, R. et al, 2006. *Making History* Grade 11, Heinemann

Ellis, P. et al, 2012. *Top Class History* Grade11, Shuter & Shooter

Frank, F. et al, 2012. *Nuwe Generasie Geskiedenis* Graad 11, New Generations Publishers

Grundlingh, A. 2004. *Boek 4. Keerpunte in die Geskiedenis: Industrialisasie, Landelike veranderinge en Nasionalisme*, Die Departement van Onderwys.

http://vr,sahistory.org/pople/general-jan-christiaan-smuts

https://en.wikipedia.org/wiki/Afrikaners

https://en.wikipedia.org/wiki/1946.African.Mine.workers%27.Union.strike

https://www.flickr.com/photos/hilton-t/5248262991

https://www.sahistory.org.za/article/1946-african-mineworkers-strike

https://www.sahistory.org.za/article/history-apartheid-south-africa

https://www.sahistory.org.za/topic/african-national-congress-youth-league-ancyl

Meredith, M. 2005. *The State of Africa - A History of fifty years of independence*, Simon & Schuster

Kopiereg voorbehou